

GOUDVELD-HOËRSKOOL

BELEID TEN OPSIGTE VAN ROOK-, ALKOHOL- EN DWELMGEBRUIK

Doelstelling: Die doelwit van die beleid is om rigting te gee aan leerders, opvoeders en ouers omtrent die voorkoming van misbruike en verdere optrede na identifisering van misbruike. Die beleid beklemtoon ondersteunende en regstellende optrede eerder as straf en wil ook leerders aanmoedig om self probleme aan te meld.

1. SIGARETTE

1. Geen leerder word toegelaat om op die skoolterrein of in busse te rook nie.
2. Geen leerder word toegelaat om sigarette op die skoolterrein te bring nie.
3. Geen leerder mag rook terwyl geklee in skool uniform.
4. Oortreders sal volgens die gedragskode behandel word.

2. DWELMS EN ALKOHOL

Die skool verbied die volgende:

1. die besit of gebruik van onwettige middels;
2. die misbruik van voorgeskrewe en nie- voorgeskrewe medisyne;
3. die misbruik van oplosmiddels, inhaleermiddels en/of chemiese middels;
4. die besit of misbruik van alkoholiese drank;
5. die besit of rook van marijuana (dagga);
6. die handeldryf in gewoontevormende middels.

Die beleid is van toepassing:

1. op die skoolterrein (koshuis ingesluit);
2. tydens skoolfunksies, skooluitstappies of enige ander skoolaktiwiteite;
3. wanneer leerders en/of onderwysers op enige plek die skool verteenwoordig.
4. wanneer leerders in skooldrag is.

3. OPTREDE EN PROSEDURE

A. Riglyne

1. Vertroulikheid sal gehandhaaf word, maar ouers/voogde sal ingelig en betrek word.
2. Indien daar redelike agterdog bestaan dat 'n leerder dwelms in sy/haar besit het, mag hy/sy persoon en besittings deursoek word. Sodanige deursoeking sal deur twee leerkrigte van dieselfde geslag in privaatheid gedoen word.
3. Ongegronde gerugte van misbruik sal nie as bewys van misbruik dien nie, maar 'n patroon van relevante simptome bv. akademiese verswakking, verandering in voorkoms, onttrekking aan skoolaktiwiteite, ens. kan wel aanleiding gee tot agterdog en kan ondersoek word. In so 'n geval mag 'n urine monster van die verdagte vereis word. So 'n geval sal verwys word na die graadhoof, wat dit volgens meriete sal beoordeel.

4. In die geval van alkohol misbruik, mag 'n bloedmonster wat deur 'n professionele persoon geneem word, vereis word.
5. Indien nodig sal die polisie se hulp ingeroep word.

B. Vrywillige aanmelding

1. Alles moontlik sal gedoen word om die leerder te ondersteun.
2. Die ouers en voogde sal ingelig en betrek word.
3. Die aangeleentheid sal so vertroulik as moontlik hanteer word.
4. Die leerder sal verwys word na SANRA vir hulp.
5. 'n Skriftelike ooreenkoms sal tussen die skool, leerder en ouers/voogde aangegaan word, waar die leerder skuld erken en onderneem om te rehabiliteer.

C. Oortredings

1. Indien dit na die mening van ten minste twee personeellede duidelik is dat 'n leerder 'n bedwelmende middel of alkohol ingeneem het, sal die ouer/voog gevra word om die leerder onmiddellik te verwyder tot tyd en wyl die aangeleentheid deur die ouer/voog met die hoof en/of die Beheerliggaam bespreek kan word.
2. Verdere gevolge van 'n eerste oortreding: Hanteer soos in OPTREDE EN PROSEDURE (B), maar afhangende van die omstandighede kan 'n verhoor deur die skoolhoof en/of die Dissiplinêre komitee van die Beheerliggaam plaasvind en skorsing vir 'n maksimum van sewe skooldae kan opgelê word.
3. Verdere gevolge van 'n tweede oortreding: 'n Verhoor deur die Beheerliggaam vind plaas en afhangende van omstandighede kan skorsing vir 'n maksimum van sewe skooldae opgelê word of 'n klag met die oog op permanente uitsetting kan by die Departement van Onderwys gelê word.
4. Verdere gevolge van 'n derde oortreding: 'n Aanbeveling met die oog op permanente uitsetting kan by die Departement van Onderwys gelê word.

4. **ALGEMEEN**

1. Die ouers/voogde aanvaar volle verantwoordelikheid vir die betaling van enige koste wat aangegaan word tydens 'n dwelmverwante voorval.
2. Die skool sal probeer om:
 - Inligtingssessies te reël en aan te bied om leerders en personeel op te skerp;
 - Die onderwysers die nodige praktiese opleiding te laat ondergaan;
 - Professionele buite- instansies en persone kan by die ondersteuningsproses betrek word indien nodig. Bv. Die polisie, SANRA.

Goedgekeur op _____

A. Nieuwoudt
Voorsitter Beheerliggaam

S. W. P. Scott
Skoolhoof